

Die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk

Binne: Lees oor die Regering se Program van Aksie vir 2014 – 2019

Afrikaans



“Suid-Afrika is ’n veel beter plek om te woon as wat dit in 1994 was en die lewens van miljoene van ons mense het verbeter.

“Maar, soos blyk uit die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) en die Presidensiële Oorsig van 20 jaar, raak die drie uitdagings – armoede, ongelykheid en werkloosheid – steeds die lewens van baie mense.

“Namate ons die tweede fase van ons oorgang van apartheid na ’n nasionale demokratiese samelewing betree, moet ons radikale sosio-ekonomiese transformasie teweegbring om die drie uitdagings die hoof te bied.

“Verandering sal nie sonder verreikende ingrypings plaasvind nie.”

President Jacob Zuma se staatsrede op 17 June 2014.

Saam beweeg ons Suid-Afrika vorentoe



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR): 2014 – 2019

Verdieping van ons demokrasie

Op 7 Augustus 2014 het die regering die MTSR vir 2014 – 2019 bekendgestel. Dit is die regering se plan om lewens te verbeter en ons gemeenskap en die ekonomie vinniger te transformeer as sedert 1994.

Die MTSR weerspieël die verkiesingsmandaat met die klem op die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP).

Die MTSR stippel die maatreëls uit wat die regering moet tref en die teikens wat die regering moet bereik. Dit bied ook 'n raamwerk vir ander planne van die nasionale, provinsiale en plaaslike regering.

Die raamwerk beskryf hoe die regering die Suid-Afrikaanse ekonomie meer mededingend gaan maak, behoorlike werk gaan skep en groter plaaslike en internasionale beleggings gaan aanmoedig.

Dit is die eerste MTSR ná die aanvaarding van die NOP in September 2012.

Die 2014–2019-plan is 'n vyfjaarplan om die NOP se Visie 2030 te bereik. In die woorde van President Jacob Zuma:

“Die plan is as 'n nasionale plan vir die hele land aanvaar. Dit is ons raamwerk vir die volgende 20 jaar. Al die werk wat ons in die regering doen, is deel van die omvattende Nasionale Ontwikkelingsplan. Dit sluit in alle operasionele planne, hetsy maatskaplik, ekonomies of polities.”

Deur middel van die MTSR maak die regering sy beleid en planne duidelik en verseker dat die verskillende beleide goed by mekaar inpas. Die raamwerk stel ook die regering in staat om te verseker dat dit die begroting het om uitvoering aan sodanige planne te gee. Prestasie-ooreenkomste tussen die president en elke minister sal gegrond wees op die optrede, aanwysers en tekens wat in hierdie MTSR uiteengesit is.

Met die NOP as oorkoepelende beleid vir die program van aksie, gaan die regering vordering landwyd versnel deur middel van die Nuwe Groeipad (NGP), Nasionale Infrastruktuurplan en die Industriële Beleidsaksieplan, wat fokus op die bevordering van beleggings en mededinging in toonaangewende sektore asook nywerhede.

Die plan van aksie in hierdie publikasie is gegrond op die MTSR-teikens oor die volgende vyf jaar.



Die program van aksie, wat die regering se plan vir die volgende vyf jaar uiteensit, is gegrond op die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk vir 2014 – 2019.

Vir meer inligting oor die regering se programme en dienste, besoek www.gov.za of e-pos information@gcis.gov.za

Vir toegang tot inligting oor die plan van aksie, besoek die Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluasie se webwerf by www.poa.gov.za

Uitgegee deur die Departement van Kommunikasie (DK). Tshedimotso Huis, Frances Baardstraat 1035 (hoek van Festivalstraat), Hatfield, Pretoria. Tel: 012 473 0000.

EKONOMIESE ONTWIKKELING EN WERKSKEPPING

Radikale ekonomiese transformasie, snelle ekonomiese groei en werkskepping

Die regering se program van radikale ekonomiese transformasie handel oor die inwerkingstelling van sneller, volhoubare groei, groter belegging, meer werk, minder ongelykheid en nierassigheid van die ekonomie.

Die regering se kerndoelwitte vir die volgende vyf jaar sluit in:

- die verhoging van die groeiakoers van die bruto binnelandse produk (BBP) van 2,5% in 2012 tot 5% in 2019
- die verhoging van die beleggingsakoers na 25% van BBP in 2019
- die verhoging van die deel van huishoudelike inkomste van die armste 60% van huishoudings van 5,6% in 2011/12 tot 10% in 2019
- die verlaging van die amptelike werkloosheidsyfer van 25% in die eerste kwartaal van 2013 tot 14% in 2020.

Bou van infrastruktuur

Die regering sal verseker dat daar genoegsame energie beskikbaar is vir ekonomiese groei en om infrastruktuur-struikelblokke uit die weg te ruim deur middel van die Presidensiële Infrastruktuur-koördineringskommissie. 'n Kernprioriteit is om elektrisiteitsvoorsiening uit te brei. Krag van die nuwe Medupi-steenkoolkragstasie sal elektrisiteitsvoorsiening in 2015 verbeter. Elektrisiteitsvoorsiening bly 'n langtermyn strategiese fokus.

Die regering sal 'n kombinasie van energiebronne nastreef, wat insluit steenkool, kernkrag, skaliegas, olie en gas ter see asook hernubare energie, en sal omgewings-, finansiële, maatskaplike en ander oorwegings in ag neem.

Die versnelling van eksplorاسie van alternatiewe energiebronne soos skaliegas en gas ter see is 'n prioriteit om energievoorsiening te waarborg en is 'n manier om die ekonomie in geheel te laat groei.

Versterking van beleggingsvertroue

Die regering gaan oorleg pleeg met die sakesektor om 'n beter begrip te verkry oor wat nodig is om beleggings in die privaat sektor te stimuleer, seker te maak dat ooreengekome planne geïmplementeer word, beleggersvertroue te versterk en om vertroue tussen die sakesektor en die regering te bou. Die regering gaan ook die sakesektor aanmoedig om beter vordering te toon in diensbillikheid, vaardigheidsontwikkeling en breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB).

Werkskepping onder die jeug en vroue

Die regering gaan die sakesektor aanmoedig om werk en sakegeleenthede vir die jeug en vroue te skep en om gebruik te maak van die belastingkema om indiensneming aan te moedig. Ingevolge die skema word die koste van indiensneming tussen die regering en werkgewers gedeel deur die belasting vir elke kwalifiserende werknemer te verminder.


Die Jeugindiensnemingsakkoord, wat die regering, georganiseerde arbeid, die georganiseerde sakesektor asook die gemeenskap en jeugorganisasies op 18 April 2013 in Soweto, naby Johannesburg, onderteken het, bevorder werkskepping vir die jeug van Suid-Afrika.



“Die regering gaan steeds op verskeie ander infrastruktuurprojekte fokus wat die lewens van ons mense sal verbeter en die ekonomie sal laat groei.” – President Jacob Zuma, Staatsrede, 17 Junie 2014.

Belegging in die vervoersektor

Die regering se belegging in vervoer sal verdere groeiegeleenthede skep deur verbeterde voorstedelike pendeldienste en 'n wesenslike uitbreiding in Transnet se kapasiteit om vrag per spoor te vervoer.



Het jy geweet?

- Die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa) sal na verwagting R51 miljard oor die volgende 10 jaar bestee om 600 splinternuwe treine te bekom. Sowat 580 treine gaan in Suid-Afrika gebou word by 'n nuwe fabriek in Dunnotar, buite Nigel in Ekurhuleni, teen 'n koste van R1 miljard. Die perseel van 600 000 m² is ontwerp om die vervaardigingsaanleg, 'n opleidingseenheid en 'n nywerheidspark te huisves. Die projek sal sowat 8 088

- werkseleenthede skep, wat deel is van meer as 33 000 direkte en indirekte werkseleenthede oor 10 jaar en sal meer as 65% van goedere en dienste plaaslik verkry.
- Transnet gaan R107 miljard bestee om sy kapasiteit en doeltreffendheid van infrastruktuur te verbeter. Daar word verwag dat Transnet se indiensneming van 368 000 in 2011/12 tot 570 000 in 2018/19 sal styg.

Die uitbreiding van inligting-en kommunikasie-infrastruktuur

Die regering gaan die bekostigbaarheid en toeganklikheid van inligting – en kommunikasie-infrastruktuur en elektroniese kommunikasiedienste uitbrei, moderniseer en verbeter. Dit sluit in breëband- en digitale uitsaaidienste. Die werk van alle staatsbeheerde inligtingstegnologie-agentskappe sal in lyn met hierdie doelwitte gebring word.

Hantering van konflik in die werkplek

Die regering gaan met die georganiseerde sakesektor en arbeid saamwerk om die arbeidsmark te stabiliseer deur die oorsake van konflik in die werkplek in die mynbou en elders die stryd aan te sê. Die regering glo dit moet gedoen word deur werkers se werk- en lewensomstandighede te verbeter om sodoende verhoudings in die werkplek te verbeter.

Nywerheidsbeleidsaksieplan (NBAP)

Deur die NBAP, die veldtog vir plaaslike verkryging en ander programme, sal die regering die prestasie van sektore met die potensiaal om broodnodige werkseleenthede soos mynbou, landbou en vervaardiging te skep, verbeter, en die verdeling van minerale bevorder.

Nuwe Groeipad (NGP)

Die regering gaan die NGP implementeer om ekonomiese sektore met die oog op werkskepping te laat groei. Dit sluit in projekte soos die groen ekonomie, die uitvoer van goedere en dienste na die res van Afrika, asook die ontginning van skaliegas en gas ter see. Die NGP beoog om vyfmiljoen nuwe werkseleenthede tussen 2010 en 2020 te skep.

Die regering gaan sy beleid oor breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging met alle mag implementeer sodat Suid-Afrikaners wat histories van dele van die ekonomie uitgesluit is, in die jare wat voorlê behoorlik daaraan kan deelneem. Die Ministerie van Kleinsakeontwikkeling gaan fokus op die veranderinge wat nodig is om 'n merkbare toename in die aantal klein en medium ondernemings teweeg te bring, wat kan help om werkskepping te versnel.

Die regering sal ook sy steun vir koöperasies versterk, veral met betrekking tot bemaking en die verskaffing van aktiwiteite om kleinskaalse produsente te help om die formele waardekettings te betree en by skaalbesparings te baat.

Die bevordering van BBSEB en plaaslike verkryging

Die regering gaan BBSEB en plaaslike verkryging bevorder en aandring op beter waarde vir geld om korrupsie die hoof te bied. Die regering beoog om minstens 75% van goedere en dienste van Suid-Afrikaanse vervaardigers te verkry.

Voorgestelde wysigings aan die Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998) poog om:

- 'n monopolie op pryse van insetprodukte soos staal en sterk chemikalieë te voorkom
- plaaslike vervaardiging meer mededingend te maak
- infrastruktuurbelegging te ondersteun
- die koste van finansiële dienste en beleggingsfinansiering te verminder.

Om 'n doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuurnetwerk te verseker, poog die regering om:

- die reserwemarge vir kragopwekking van die huidige 1% tot 19% teen 2019 te verhoog
- beplande opgaarwaterbronne met 5% vergeleke met 2014 te verhoog
- breëbandpenetrasie van 33,7% in 2013 tot 80% in 2019 te

Projekte vir werkskepping

- Die regering wil die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) uitbrei, veral in die Gemeenskapswerkeprogram, sodat meer mense 'n kans op werk het deur aan hulle opleiding en werkondervinding te bied en maatskaplike samehoorigheid te bevorder.

- Die UOWP gaan teen 2019 sesmiljoen werksgeleenthede skep en die Gemeenskapswerkeprogram sal uitgebrei word sodat daar teen die einde van 2014 minstens een perseel in elke munisipaliteit is en teen die einde van 2019 eenmiljoen werkgeleenthede geskep is.

verhoog

- die tonnemaat wat per spoor vervoer word van 207 ton in 2013 na 330 ton teen 2019 te verhoog
- teen 2019 die operasionele prestasie van hawens en binne-landse eindpunte van 28 tot 35 gemiddelde kraanbewegings per uur te vermeerder.



Uitbreiding van finansiële steun vir ekonomiese groei

Die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, die Landbank, die Nasionale Behuisingfinansieringskorporasie en ander ontwikkelingsfinansieringsinstellings sal finansiële bystand aan die nywerheid, landbou en infrastruktuurbelegging bied.

Banke gaan aangemoedig word om meer finansiële dienste aan meer mense te lewer om hulle te help om bates op te bou. Die regering wil ook toesien dat banke kleinsakeondernemings help om te groei en om groei in bestaande en nuwe sektore te befonds. Maatreëls gaan ingestel word om die swak uitleenpraktyke en oormatige finansiële koste in sommige dele van die finansiële sektor te pak, en die finansiële sektor meer inklusief en toeganklik te maak.

Die regering gaan die regulering van finansiële instellings verbeter sodat kliënte billik behandel word en hul deposito's veilig is. Die Posbank sal 'n sterker rol in bankdienste speel.

Uitskakeling van onnodige regulatoriese laste

Die Presidensie sal nuwe en bestaande wette en regulasies deeglik beoordeel om seker te maak dat dit in lyn met die NOP is.

Die regering gaan ook regulatoriese prosesse verbeter en dit meer vaartbelyn maak wat betref bousensies, omgewingsimpakstudies, maatskappyregistrasie, belastingnakoming, werkspermitte vir skaars vaardighede, mynbousensies, waterlisensies en toegang tot munisipale infrastruktuurdienste.

DIE VERBETERING VAN DIE GEHALTE VAN EN TOEGANG TOT ONDERWYS EN OPLEIDING

'n Vaardige en bekwame arbeidsmag om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun

Onderwys speel 'n belangrike rol om mense se lewens te verbeter deur hul opname in die ekonomie en ekonomiese groei te verbeter en werk te skep, armoede uit te wis en ongelukheid te verminder.

Oor die volgende vyf jaar beoog die regering om die volgende te behaal:

- Alle kinders tussen sewe en 18 moet skool gaan.
 - 65% van die leerders moet in klasse wees wat vir hul ouderdom geskik is.
 - 60% van skoolverlaters moet óf 'n Nasionale Senior Sertifikaat óf 'n alternatiewe kwalifikasie in beroeps- of verdere onderwys en opleiding hê.
 - 75% van die leerders wat deur die Jaarlikse Nasionale Assesserings in graad 3, 6 en 9 getoets word, moet meer as 50% in geletterdheid en gesyferdheid behaal.
 - Die aantal graad 12-leerders wat vir universiteitstoelating kwalifiseer, sal tot 250 000 (172 000 in 2013) verhoog word.
 - Die aantal studente by universiteite sal van 950 000 in 2013 tot 1,07 miljoen styg.
 - 90% van leerders wat indiensopleiding en -ondervinding opdoen om hul kwalifikasie te voltooi, sal in betrekkings geplaas word.
 - Die aantal leerders wat in kolleges vir tegniese en beroepsonderwys en -opleiding (TBOO) ingeskryf is, sal van 670 455 in 2013 tot 1,2 miljoen verhoog.
 - Universiteitinskrywing in grondfaseprogramme sal tot 36 000 studente (van 16 300) in 2013 verhoog word.
 - Die aantal ambagsmanne wat jaarliks opgelei word, sal 24 000 per jaar teen 2019 beloop (van 18 110 in 2013) om aan die behoeftes van 'n groeiende ekonomie te voldoen.
 - Om die kenniseconomie te ondersteun, sal die aantal mense wat met doktorsgrade gradueer tot 3 000 per jaar teen 2019 verhoog (van 1 870 per jaar in 2013).
- Die getal gegradueerdes in ingenieurswese sal tot 57 000 oor die vyf jaar verhoog (9 974 het in 2012 gegradueer).
 - Die getal gegradueerdes in menslike en dieregesondheid sal oor die vyf jaar verhoog word tot 45 000 (8 015 het in 2012 gegradueer).
 - Die getal gegradueerdes in natuur- en fisiese wetenskap sal tot 36 000 oor die vyf jaar verhoog word (6 366 het in 2012 gegradueer).
 - Ter ondersteuning van basiese onderwys sal universiteite teen 2019 20 000 onderwysers per jaar oplei – 'n styging van 13 740 in 2013.
 - Ter ondersteuning van die gehalte van lesings sal 10 universiteite teen 2019 TBOO-lesingskwalifikasies aanbied.
 - 30% van TBOO-lektore moet teen 2019 elke jaar blootstelling aan die werkplek hê.
 - Die toelaag vir onderrig en navorsingsontwikkeling sal van 50 akademici in 2012 tot 400 teen 2019 styg.
 - Om die historiese en maatskaplike samestelling van die akademiese arbeidsmag te transformeer, sal die aantal nuwe swart toetreders teen 2019 met minstens 100 per jaar verhoog word.
 - Die aantal beurse en stipendiums vir nagraadse studente van die Nasionale Navorsingstigting sal kumulatief oor die vyf jaar tot 27 411 vir meestersgraadstudente verhoog word (3 704 in 2012), en 15 209 kumulatief oor die vyf jaar vir doktorsale studente (2 265 in 2012).

Het jy geweet?

Stappe van die regering om die gehalte van onderwys te verbeter, sluit in goeie dissipline en aanspreeklikheid in skole. Van onderwysers sal verwag word om betyds in klasse te wees, maar leerders moet ook in die klaskamer wees en leer. Skoolhoofde sal gehelp word om dissipline en hoë standaarde te handhaaf.



Inisiatiewe om skoolprestasie te onderhou en te versnel, sluit die volgende in:

- Maatreëls om skoolbestuur, leierskap en aanspreeklikheid, insluitend bevoegdheidskriteria en bestuurondersteuning vir skoolhoofde en distriksbeambtes, te verbeter om te verseker dat onderwysers betyds is, les gee en die hele kurrikulum dek.
- Belegging in skoolgeboue en instandhouding om agterstande die hoof te bied, onvanpaste geboue te vervang en aan die minimum standaarde vir sanitasie en skoolgeriewe te voldoen.
- Ondersteuning vir onderwysersontwikkeling en beter opleiding van toekomstige onderwysers sal op die Funza Lushaka-beursskema voortbou.
- Versekering dat elke leerder die nodige handboeke in elke leerarea en graad het.
- Versterking van die gehalte van die huidige voorsiening van

graad O en versekering dat voldoende beplanning na voor graad O uitgebrei word.

- Verdere uitbreiding van vroeë kinderontwikkelingprogramme (VKO), gedryf deur die maatskaplikeontwikkelingsektor, om skoolgereedheid onder vyf- tot sesjariges te verbeter.
- Implementering van skoolveiligheidsprogramme om leerders se gesondheid te verbeter. Dit sluit in 'n beleid van geen toleransie jeens afknouery en mishandeling.
- Die infasering van Afrikatale in skole ter ondersteuning van maatskaplike samehorigheid.



“Suid-Afrika het tegniese vaardighede nodig om te voldoen aan 'n groeiende infrastruktuurbeleggingsprogram en vooruitgang in die mynbou, nywerheid en logistiek te bewerkstellig. Die land het ook voldoende dokters, verpleegsters en gesondheidswerkers in verskillende beroepsklasse nodig om gehaltegesondheidsorg te lewer.” - MTSR 2014 – 2019

DIE VERSEKERING VAN GEHALTEGESONDHEIDSORG EN BESTAANSVEILIGHEID VIR ALLE BURGERS



'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners

Die regering gaan die gehalte en toeganklikheid van gesondheidsdienste verbeter met die instelling van die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV).

Die NGV is 'n finansieringstelsel wat alle Suid-Afrikaners toegang tot noodsaaklike gesondheidsorg sal gee, ongeag hul werkstatus en vermoë om te betaal.

Om gesondheidsorg oor die volgende vyf jaar te verbeter, beplan die regering om:

- die gehalte van gesondheidsorg te verbeter en wagtye in die staatsdiens te verminder, ondersteun deur die nuutgestigte Kantoor vir die Voldoening aan Gesondheidsstandaarde en die nakoming van 'n pasiëntehandves.
- primêre gesondheidsorg, insluitend munisipale wykgebaseerde uitreikingspanne en skolegesondheidsorg uit te brei en te herontwerp.
- distrikgebaseerde bekendstelling van NGV-dienste uit te brei.
- 'n gesonde lewenstyl en gereelde toetsing vir nie-oordraagbare siektes te bevorder.
- die koste van gesondheidsorg te verminder.
- menslike hulpbronne vir gesondheid te verbeter, verpleegkolleges te laat herleef en professionele gesondheidsopleiding uit te brei.
- in die verbetering en leierskap van gesondheidsbestuur te belê, insluitend die hervorming, befondsing en bestuur van belangrike hospitale as nasionale verwysingseenhede.
- gesondheidsfasiliteitbeplanning te verbeter en lewering van infrastruktuur te versnel.
- die implementering van voorkomings- en bestuursprogramme vir MIV en vigs asook tuberkulose te verbeter.
- toegang tot seksuele en reprodktiewe gesondheid uit te brei deur verskillende soorte voorbehoedmiddels beskikbaar te stel.
- ongewenste swangerskappe te verminder met 'n spesiale fokus op tienerswangerskappe.
- die Veldtog vir die Versnelde Vermindering van Moeder- en Kindersterftes in Afrika, geïnspireer deur die Afrika-unie (AU), te implementeer.

In die komende vyf jaar gaan die regering gesondheidsorgdienste uitbrei deur:

- 213 klinieke en gemeenskapsgesondheidsentrums en 43 hospitale te bou

- meer as 870 gesondheidsfasiliteite in 11 NGV-loodsdistrikte op te knap
- die jaarlikse opleiding van dokters plaaslik en in die buiteland tot 2 000 per jaar te verdubbel
- die aantal mense op antiretrovirale middels van 2,4 miljoen tot 'n geprojekteerde 5,1 miljoen te vermeerder
- TB-sifting en -behandelingsprogramme vir kwesbare groepe te intensifiseer, insluitend 150 000 gevangenes, 500 000 mynwerkers en 'n beraamde 600 000 mense in mynbougemeenskappe
- alle meisies in graad 4 teen die menslike papilloomvirus in te ent om hul risiko van servikskanker wesenlik te verminder

Van die gesondheidsingrypings wat die regering teen 2019 wil bereik, sluit in:

- die verhoging van die lewensverwachting tot 63 jaar
- die verlaging van die sterftesyfer vir kinders onder vier van 41 in 2012 tot 23 per 1 000 lewendige geboortes
- die verlaging van die babasterftesyfer van 27 in 2012 tot 18 per 1 000 lewendige geboortes
- die verlaging van die moedersterftesyfer van 269 tot minder as 100 per 100 000 lewendige geboortes

Maatskaplike beskerming

'n Omvattende, deelnemende en volhoubare burgerlike beskermingsprogram

Om burgerlike veiligheidsdienste aan diegene wat daarop geregtig is te voorsien, het die regering die volgende teikens gestel:

- Teen 2024 sal vroeëkindertontwikkelingsdienste (VKO) van gehalte aan alle kinders en voogde beskikbaar wees. 'n Omvattende pakket van VKO-dienste sal aan kinders vanaf bevrugting tot die ouderdom van vier jaar beskikbaar gestel word, met die fokus op die armstes.
- Teen 2019 sal minstens 95% van diegene wat daarop geregtig is, toegang hê tot maatskaplike ondersteuning soos die kindertoelaag, ongeskiktheidstoelaag en ouderdomspensioen.
- Kwesbare huishoudings sal voedselhulp kry.

BEVEG KORRUPSIE EN MISDAAD

Om seker te maak dat alle Suid-Afrikaners veilig is en voel, beoog die regering om teen 2019 die volgende te bereik:

- Verminder die aantal aangemelde kontakmisdade.
- Maak dit veiliger vir mense wat bedags of saans alleen stap.
- Verseker dat huishoudings tevrede is met die polisie diens in hul gebied en met die manier waarop die howe misdadigers straf.
- Poog om Suid-Afrika se plek op Transparency International se korrupsie – persepsie – indeks te verbeter.

Die regering gaan hierdie teikens bereik deur onder andere die vlakke van kontakmisdad te verminder, 'n doeltreffende strafregstelsel te verseker, die landsgrense doeltreffend te verdedig en te beveilig, kubermisdad die hoof te bied, binnelandse stabiliteit te verseker en korrupsie te beveg.

Uitbreiding van misdaadbestryding

Die kapasiteit van forensiese en misdaadondersoeke sal verbeter word, insluitend die voorkoming van misdaad teen vroue en kinders.

Om oortreders se kans te verminder dat hulle weer oortree, gaan die regering rehabilitasieprogramme vir oortreders uitbrei en verbeter, help om mense wat op parool vrygelaat is beter by gemeenskappe te laat integreer en seker maak dat minder mense op parool of proef hul voorwaardes nakom. Die strafregstelsel gaan meer doeltreffend gemaak word.

Verbetering van polisie doeltreffendheid

Die Suid-Afrikaanse Polisie diens gaan vinniger op aangemelde misdadinsidente reageer en hul ondersoeke professioneel uitvoer.

Beveiliging van ons grense

Suid-Afrika se grense sal doeltreffend verdedig, beskerm en beveilig word om onwettige grensaktiwiteite te verminder.

Bestryding van korrupsie

Die regering het ten doel om skuldigbevindings vir ernstige korrupsie te verhoog. Teenkorrupsiewetgewing gaan hersien word om voorsiening te maak vir strengere strawwe, om fluistervinke te beskerm - insluitend dié in die private sektor - en om die onafhanklikheid van teenkorrupsieagentskappe te versterk.

Die Spesiale Ondersoekseenheid, die Teenkorrupsietaakspan, die Batebeslagleggingseenheid en die Valke sal in alle sektore van die samelewing misdaad en korrupsie beveg.



LANDELIKE ONTWIKKELING, GRONDHERVORMING EN VOEDSELSEKERHEID

Lewendige, billike, volhoubare landelike gemeenskappe wat bydra tot voedselsekerheid vir almal

Om voedselsekerheid en landboumededingendheid te versterk en armoede te verminder, veral in die voormalige tuislande, wil die regering:

- die persentasie produktiewe grond in besit van voorheen benadeelde individue van 11,5% in 2013 tot 20% verhoog.
 - seker maak dat 7,2 miljoen hektaar grond oorgedra word na voorheen benadeelde individue en produktief gebruik word (in vergelyking met viermiljoen hektaar in 2013).
 - die persentasie van huishoudings wat honger ly van 11,4% in 2013 tot minder as 9,5% verlaag.
 - die persentasie van die bevolking wat onder die armoedegrens leef (R443 in 2011-terme) van 32,3% tot onder 22% verlaag.
 - landelike werkloosheid van die huidige 495 tot minder as 40% verlaag
- Die regering wil ook die volgende mikpunte nastreef:
- verbeterde grondadministrasie en ruimtelike beplanning vir geïntegreerde ontwikkeling in landelike gebiede.

- volhoubare grondhervorming vir die transformasie van die landbou.
- verbeterde voedselsekerheid.
- kleinboerontwikkeling en -ondersteuning (tegnies, finansiële en infrastruktuur) vir landboutransformasie.
- verbeterde toegang tot basiese infrastruktuur en dienste van gehalte, veral opvoeding, gesondheidsorg en openbare vervoer in landelike gebiede.
- ondersteuning vir volhoubare landelike ondernemingswese en nywerhede.
- verhoogde belegging in landbouverwerking, handelsontwikkeling en verbeterde toegang tot markte en finansiële dienste om meer werk in landelike gebiede te skep.



VERSEKERING VAN TOEGANG TOT BEHOORLIKE MENSlike NEDERSETTINGS EN BASIESE DIENSTE VAN GEHALTE



Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte in huishoudings

Om die visie van volhoubare menslike nedersettings en verbeterde gehalte van huishoudings te bereik, sluit die regering se prioriteite die volgende in:

- Voldoende behuising en verbeterde lewensomstandighede met ongeveer 1,4 miljoen meer huishoudings wat teen 2019 in nuwe of verbeterde behuising woon.
- 'n funksionele en billike residensiële eiendomsmark met 'n teiken van 110 000 nuwe behuisingseenhede in die bekostigbare mark teen 2019.
- 'n teiken van 49 munisipaliteite wat toegewys of geakkrediteer is om behuising te verskaf.
- Die titelaktes van al 563 000 nuwe subsidie-eenhede en 'n agterstand van 900 000 titelaktes in die geïntegreerde residensiële behuisingsprogram sal oorgedra word.

- Die opgradering van informele nedersettings sal na 750 000 huishoudings uitgebrei word om te verseker dat basiese dienste en infrastruktuur in die nagenoeg 2 200 informele nedersettings gelewer word.

Versekering van bekostigbare behuising

Die regering gaan die behuisingssubsiëdiemaatreëls hersien om meer doeltreffende menslike nedersettings aan te moedig. Dit sluit in maatskaplike huurhuise in verskeie segmente, asook agterplaashuurhuise. Toegang tot finansiering vir behuising sal uitgebrei word, veral ten opsigte van eerste kopers.

Behuisingsgemeenskappe

Die regering gaan met munisipaliteite, werkgewers en finansiële instellings saamwerk om behuising aan mynbougemeenskappe te voorsien.

Deelnemende, verantwoordbare en doeltreffende plaaslike regering

Om te verseker dat gemeenskappe volhoubare en betroubare toegang tot basiese dienste het, wil die regering:

- die persentasie huishoudings met toegang tot funksionele waterdienste van 85% in 2013 tot 90% verhoog
- die persentasie huishoudings met toegang tot funksionele sanitasiedienste van 84% in 2013 tot 90% verhoog, wat insluit die uitwissing van die emmerstelsel in formele gebiede
- 1,4 miljoen bykomende huishoudings tussen 2014 en 2019 aan die elektrisiteitsnetwerk verbind en aan 105 000 huishoudings elektrisiteit onafhanklik van die kragnetwerk verskaf
- die vlak van openbare vertroue in plaaslike regering van 51% in 2012 tot 65% in 2019 verhoog, gemeet aan die Ipsos-opname
- die uitkomst van munisipale oudits verbeter en sorg dat 75% van munisipaliteite ongekwalifiseerde oudits ontvang.

Om goeie regering aan te spoor, wil die regering:


- burgerlike deelname aan plaaslike regering aanmoedig
- samewerkende bestuur verbeter ter ondersteuning en bemagtiging van munisipaliteite
- 'n langtermynbenadering volg tot die ontwikkeling van vaardighede en die bou van kapasiteit van die plaaslike-regeringsektor
- die gehalte van munisipale administrasie en bestuur verbeter, insluitend menslike hulpbronne en indiensneming, voorsienings ketting - en finansiële bestuur asook teenkorrupsiemaatreëls.



Beskerm en verbeter ons omgewing en natuurlike hulpbronne

Die regering poog om 'n ekonomie te ontwikkel wat volhoubaar is ten opsigte van die omgewing, die uitdagings van klimaatsverandering kan weerstaan, lae koolstofvlakke produseer en 'n regverdigde samelewing oor die volgende vyf jaar sal skep deur:

- koolstofdioxiedvlakke te stabiliseer en te verminder – 'n vermindering van 34% in koolstofuitlaatgasse teen 2020 – (42% teen 2025)
- die implementering van maatreëls om klimaatsverandering te hanteer
- die persentasie van die kuslyn van 22,5% in 2013 tot 27% in 2019 te verhoog
- myne se voldoening aan die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) van 35% in 2013 tot 60% in 2019 te verhoog.



Hantering van klimaatsverandering

'n Koolstofbelasting, koolstofbegrotings en ondersteuning van laekoolstoftegnologie gaan ingevoer word om klimaatsverandering die hoof te bied. Die agteruitgang van natuurlike hulpbronne en ekologiese infrastruktuur sal ook aandag geniet.

Omgewingsbestuursbeleid en -programme sal verseker dat die grond, riviermondings, kusgebiede en oseane beskerm word.

Benewens die bekamping van lugbesoedeling, gaan die regering waterveiligheid en gesonde opvanggebiede, riviere en vleilande verseker.

Verbeterde bestuur van afval (insluitend gevaarlike afval, mediese afval, mynhoop, slyk en algemene/soliede afval) is 'n gedeelde verantwoordelikheid van die regering, die sakesektor en alle belanghebbers.

DRA BY TOT 'N BETER AFRIKA EN BETER WÊRELD

Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter Afrika en beter wêreld

Om direkte beleggings van die buiteland te lok en om die land se uitvoere te verhoog, gaan die regering:

- streeks- en kontinentale prosesse ondersteun om krisis op te los, vrede en sekerheid te bewerkstellig, streeksintegrasie aan te moedig, intra-Afrika-handel weselik te verhoog en volhoubare ontwikkeling in Afrika te steun
- teen 2017 die aantal buitelandse besoekers met meer as 15 miljoen per jaar verhoog en die bydrae van toerisme tot die ekonomie met meer as R125 miljoen verhoog.

Bevordering van handel

Die konsep-eerste fase van die Trilaterale Vryhandelsoor-eenkoms (VHO) sal voltooi word om intra-Afrika-handel, industrialisering en infrastruktuurontwikkeling aan te spoor. Die regering gaan bydra tot die hersiening van die rol en funksionering van die Suider-Afrikaanse Doeane-unie.

Suid-Afrika gaan die implementeringsbesluite van die AU en sy strukture ondersteun, insluitend die Afrika-hof vir Menseregte. Die land gaan ook die Suid-Afrika se kwota poste in die AU-kommissie en AU-strukture met 60% verhoog.

Die regering gaan volhoubare ontwikkeling en kontinentale integrasie aanmoedig deur die implementering van die Nuwe Venootskap vir Afrika-ontwikkeling. Dit gaan ook verseker dat sleutelposte van Suid-Afrika weerspieël word in die prosesse in die aanloop tot die oprigting van die kontinentale VHO.

Buitelandse betrekkinge

Om Suid-Afrika se buitelandse beleid te uit te brei, gaan die regering wedersyds voordelige suid-suid-samewerking bevorder deur middel van sy lidmaatskap van en betrekkinge met instellings in die suide.

Dit sal poog om te put uit die ekonomiese krag van lande en groeperings in die suide deur die getal bilaterale ekonomiese samewerkingsooreenkomste van 49 na 59 uit te brei. Dit sal ook wedersyds voordelige betrekkinge met lande in die noorde bewerkstellig.



BOU VAN 'N ONTWIKKELINGS- EN BEKWAME STAAT

'n Doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriën-teerde staatsdiens

Die Nasionale Skool van die Regering gaan put uit ervare staatsdiens-amptenare om opleiding in prioriteitsareas van openbare administrasie te bied. Staatsdepartemente sal ondersteun word sodat hulle die vaardighede wat hulle nodig het, lok en ontwikkel.

Die Departement van Staatsdiens en Administrasie gaan 'n mentorskema vir nuwe bestuurders bekendstel asook 'n skema om gegradueerdes te werf, sodat departemente talentvolle gegradueerdes met 'n passie vir die staatsdiens sal lok.

Die pos van administratiewe hoof van die staatsdiens gaan geskep word as een van die funksies van die direkteur-generaal in die Presidensie, met direkteurs-generaal in die kantore van die premiers wat 'n soortgelyke rol op provinsiale vlak sal speel.

Van die administratiewe hoofde van die staatsdiens sal verwag word om konsekwent raad oor die bestuur van loopbaaninsidente van departementshoofde aan die President en uitvoerende hoofde te gee.

Die Kabinet sal die vordering van departementshoofde en ander senior bestuurders monitor om groter stabiliteit in administratiewe leierskap te verseker.

Kantoor van die hoofverkrygingsbeampte

Die kantoor van die hoofverkrygingsbeampte in die nasionale tesourie sal die oorsig van verkrygingsprosesse en pryse verbeter om kostedoeltreffendheid en deursigtigheid, beter waarde vir geld en die nakoming van prosedures en regverdigheid te verseker. Uitkontraktering van regeringsdienste sal afgeskaal word.

Die nasionale tesourie en die Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluering het 'n stelsel geïmplementeer om die betaling van verskaffers deur nasionale en provinsiale staatsdepartemente te monitor. Departemente met 'n groot aantal fakture wat laat betaal word, sal hulp kry om verbeterde sakeprosesse in plek te stel. As voorbeelde hiervoor sal gevallestudies van die bes presterende departemente gebruik word.

Die regering gaan areas prioritiseer waar IT die grootste potensiaal het om toegang tot inligting te verbeter.

Om 'n etiese staatsdiens aan te moedig, sal staatsdienswerkers en verteenwoordigers van die staatsdiens verhoed word om met die staatsake te doen. Dit sal ondersteun word deur die verbeterde implementering van die Finansiële Openbaarmakingsraamwerk, verbeterde beskerming van fluitervinke en die verskaffing van tegniese hulp aan departemente om dissipline beter te bestuur.



Die staatsdiens se responsiwiteit teenoor burgers en belanghebbers sal verbeter word deur die herlewing van die Batho Pele-program (Mense Eerste) en die implementering van die Staatsdienshandves.

MAATSKAPLIKE SAMEHORIGHEID EN NASIEBOU

'n Samelewing van diverse, maatskaplike samehorigheid met 'n gemeenskaplike nasionale identiteit



Om 'n maatskaplik inklusiewe gemeenskap te bevorder, wil die regering oor die volgende vyf jaar verseker dat:

- die persentasie mense wat glo dat rasseaangeleenthede verbeter het tot 65% styg (van 40% in 2011)
- die indeks van maatskaplike samehorigheid tot 90% in 2019 styg (vanaf 80,4% in 2011)
- die indeks van aktiewe burgerskap tot 85% in 2019 styg (vanaf 79% in 2011)
- die aantal mense oor die ouderdom van 18 wat aan 'n liefdadigheidsorganisasie behoort tot 10% in 2019 styg (vanaf 5% in 2011).

Die skepping van 'n nierassige en nie-seksistiese samelewing

Die grondwetlike waardes en etos soos in die Grondwet vervat, sal onder die soeklig kom met die bou van 'n kultuur wat menseregte, respek en waardigheid vir alle burgers bevorder. Die gebruik en kennis van nasionale simbole sal versterk word.

Nasionale simbole:

1. Nasionale volkslied – Nkosi Sikelel' i-Afrika
2. Nasionale wapenskild
3. Nasionale vlag
4. Nasionale dier – springbok
5. Nasionale voël – bloukraanvoël
6. Nasionale vis – galjoen
7. Nasionale blom – reuse- of koningsprotea
8. Nasionale boom – egte geelhoutboom

Die uitsaaimedia, veral die SAUK, sal programme uitsaai wat gesprekvoering en sienings van 'n nie-seksistiese, nierassige, gelyke en demokratiese Suid-Afrika bevorder.

Die deel van 'n gemeenskaplike ruimte oor ras, ruimte en klaskamers heen sal moontlik gemaak word deur:

- die instelling van volhoubare gemeenskapsdialoog
- die verbetering van openbare ruimtes en dienste
- die verbetering van sport op gemeenskaps- en skoolvlak.

Het jy geweet?

Artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996 waarborg die gelyke status van 11 amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa, Zoeloe, Sesotho sa Leboa (Pedi), Sotho, Tswana, Swati, Venda en Tsonga.

Die artikel lys egter ook ander tale wat in Suid-Afrika gebruik word, waaronder Khoi-, Nama- en San-tale, gebaretaal, Arabies, Duits, Grieks, Goetjarati, Hebreeus, Hindi, Portugees, Sanskrit, Tamil, Telegoe en Oerdoo. 'n Paar inheemse Kreoolse tale sluit in Tsotsi-taal en Fanagalo.

Verskille in toegang tot gesondheidsorg van gehalte, opvoeding en opleiding, skoon water en voldoende sanitasie sal verminder word, die apartheidgeografie sal omgekeer en maatskaplike toelae sal verhoog word.

Suid-Afrikaners word uitgenooi om dienslewering te help monitor en ouers word aangemoedig om meer aktief betrokke te raak by skoolbeheerliggame.

Die Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 66 van 1998) sal behoorlik geïmplementeer word en grondrestitusie en -herverdeling en ander vorme van bemagtiging sal onderneem word.

Kulturele en linguistiese identiteit

Nuus wat genesing, maatskaplike samehorigheid, nasiebou, dialoog en vertroue bevorder, sal meer aandag kry.

Die gebruik van gemarginaliseerde tale sal verhoog word.



Vir meer inligting oor die plan van aksie, skakel:

Departement van Kommunikasie se provinsiale kantore	Telnr.
Oos-Kaap	043 722 2602
Vrystaat	051 448 4504/5
Gauteng	011 834 3560
Limpopo	015 291 4689
Mpumalanga	013 753 2397
Noord-Kaap	053 832 1378
Noordwes	018 381 7069/71
Wes-Kaap	021 697 0145
KwaZulu-Natal	031 301 6787/8

Departement van Kommunikasie

E-pos: information@doc.gov.za

webwerf:

- www.poa.gov.za
- www.gov.za
- www.doc.gov.za

Saam beweeg ons Suid-Afrika vorentoe